
# 53 Dank dank die Heer!




Loof, loof die Heer - my siel, loof die Heer!
Prys Hom gedurig;vergeet Hom nooit,
wat al jou skuld vergeef, wat al jou skuld vergeef, wat al jou skuld vergeef.

Sing, roem sy mag -almagtig is God.
Sy doen is wysheid; sy Vadersorg
is elke môre nuut, is elke môre nuut, is elke môre nuut.

Groot is die Heer; ja, groot is die Heer.
Sy naam is heilig, en heel die aard'
is van sy glorie vol, is van sy glorie vol, is van sy glorie vol.

Buig voor die Heer, aanbid God die Heer
in gees en waarheid! Met diep' ontsag
laat sy Naam steeds eer, laat sy Naam steeds eer, laat sy Naam steeds eer.

Karl Friedrich Herrosee (1754-1821) K. Schulz (1810)